# Telematic Schools Project

# VAK WERKBOEK VIR 2022
# Graad 11

## GESKIEDENIS

'n Gesamentlike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT
forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## UITSENDINGSESSIES

**GR 11**

**UITSENDINGSKEDULE**

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| **Woensdag** | **10/08/2022** | **16h00-17h00** | **Brongebaseerde vrae** |
| Dinsdag | 16/08/2022 | 16h00-17h00 | Brongebasseerde vrae |
| **Donderdag** | **13/10/2022** | **16h00-17h00** | **Eksamenvoorbereiding** |
| Maandag | 17/10/2022 | 16h00-17h00 | Eksamenvoorbereiding |

# INLEIDING

Liewe Graad 11 Historikus

- Welkom by die Telematiese projek. Die 2022 Gr 11 geskiedenisprogramme beoog om jou verstaan van historiografie en van fokuspunte oor die **basiese kennis en vaardighede** wat nodig sal wees om die eksamen te slaag te versterk.
- Hierdie werkboek is bedoel om gebruik te word in samewerking met die telematiese programme en dit te konsolideer wat in die klaskamer geleer was. Die 2022 Telematiese lesse sal fokus op die vermoë om te lees, te ontleed en bronne te interpreteer, sowel as om jou vaardighede om ‘n goeie geskiedenis-opstel te skryf te ontsluit elke keer wanneer jy ‘n opstelvraag moet skryf. Dit sal jou ook toerus met die nodige klaarheid wat om aan die einde van die jaar te verwag.
- Jy kan vir jouself ‘n studiemaat kry om jou te help om deur die aktiwiteite in hierdie werkboek te gaan, maar hierdie bronne werk beter as jy dit gebruik in samewerking met die lewendige uitsendings en interaksie met die aanbieder deur middle van ‘n SMS, WhatsApp-boodskap of van die Telematiese Facebook-bladsy tydens die lewendige uitsenings.
- Bie mense vra dikwels: Wat is die nut om geskiedenis te bestudeer? Slegs hierdie vak kan jou toerus met die nodige vaardighede om moeilike onderwerpe op universiteit na te vors of jou saak soos ‘n toekomstige prokureur te beredeneer! Die vak bied ook konteks waarom die wêreld in hierdie toestand is.  Soos die eeu-oue gesegde lui: Diegene wat nie hulle geskiedenis ken nie, is geneig om dit te herhaal. Hierdie vak sal jou toerus met lewensvaardighede wat jy kan toepas soos analitiese en interpretasie vermoëns, lees om te verstaan sowel as om etiese vraagstukke wat die wêreld vandag steeds teister te ontleed. **Geskiedenis handel nie net oor datums en getalle nie, dit gaan oor hoe die wêreld funksioneer!**
- “***Opvoeding is ons paspoort na die toekoms omdat more aan die die mense behoort wat dit vandag voorberei.” Malcolm X***
- Alles van die beste.

## HOE OM HIERDIE WERKBOEK TE GEBRUIK

- Hierdie boek is opverdeel in VYF hoofstukke. Elke hoofstuk handel oor EEN onderwerp in die graad 11 sillabus.
- Die inhoud is aangepas by die huidige kurrikulum en is geskik vir huistaal leerders.
- Wees bedag daarop dat nie alle onderwerpe deur 'n bepaalde skool behandel sal word nie. Byvoorbeeld sal sommige opvoeders die Gevallestudie oor Australië behandel in plaas van Nazi-Duitsland. In sodanige geval sal jy net blaai na die gekose onderwerp.
- Skenk aandag aan die bladsye wat gemerk is: 'Hoe om die brongebaseerde-/opstelvrae te beantwoord', aangesien jy handige vaardighede mag leer ten spite van die onderwerp.

| Onderwerp | Beskrywing |
| --- | --- |
| **ONDERWERP 1: Kommunisme in Rusland, 1900 – 1940** | • Wat is Kommunisme? Februarie- en Oktoberrewolusies (agtergrond).<br>• Die Burgeroorlog en Oorlogskommunisme.<br>• Die Nuwe Ekonomiese Beleid.<br>• Stalin se interpretasie van Marxisme-Leninism. |
| **ONDERWERP 2: Kapitalisme in die VSA, 1900 – 1940** | • Amerikaanse droom en Kapitalistiese Groei (agtergrond).<br>• Wallstraatse ineenstorting (1929).<br>• Verkiesing van Franklin D. Rooseveldt en die Nuwe Bedeling.<br>• Ontleding van die Nuwe Bedeling.<br>• Impak en reaksie op die krisis van kapitalisme. |
| **ONDERWERP 3: Idees oor Ras** | • Teorie en praktyk.<br>• Gevallestudie: Australië en die Inheemse bevolking van Australië.<br>• Gevallestudie: Nazi-Duitsland en die Holocaust. |
| **ONDERWERP 4: Nasionalismes** | • Wat is nasionalisme?<br>• Gevallestudie: Doe opkoms van Afrika Nasionalisme.<br>• Gevallestudie: Afrikaner Nasionalisme.<br>• Gevallestudie: Midde-Ooste.<br>• Gevallestudie: Ghana. |
| **ONDERWERP 5: Hoe uniek was Apartheid in Suid-Afrika?** | • Segregasie as die fondasie van apartheid.<br>• Apartheid as 'n vorm van van neo-kolonialisme.<br>• Apartheid as onderbou tot die idees oor ras.<br>• Die aard van en weerstand teen Apartheid. |

## WAT JY MOET WEET

| ONDERWERP | VOOR | GEDURENDE | NA |
|---|---|---|---|
| **Kommunisme in Rusland, 1900 – 1940 (Engels)** | SCAN ME | SCAN ME | SCAN ME |
| **Kapitalisme in die VSA, 1900 – 1940 (Engels)** | SCAN ME | SCAN ME | SCAN ME |
| **Idees oor Ras (Afrikaans)** | SCAN ME | SCAN ME | SCAN ME |
| **Nasionalismes (Afrikaans)** | SCAN ME | SCAN ME | SCAN ME |

## WAT JY MOET WEET

| ONDERWERP | VOOR | GEDURENDE | NA |
|---|---|---|---|
| **Hoe uniek was Apartheid in Suid-Afrika? (Afrikaans)** | SCAN ME | SCAN ME | SCAN ME |
| | SCAN ME | **HOE OM TE BEBRUIK:** Elke QR-kode handel oor een van die sub-onderwerpe uit onderwerp 1 tot 5. | Skandeer die die QR-kode deur van jou mobiele foon gebruik te maak en kyk na die video of dokumentêr oor die onderwerp. |

## BEGRIPPE – DIE RUSSIESE REWOLUSIE, 1900 - 1940

| Begrip | Verduideliking |
|---|---|
| **Kommunisme** | **‘n Teorie of stelsel waar alle eiendomme deur die gemeenskap besit word en elke persoon ‘n bydra maak en daarna opbrengste ontvang volgens sy vermoë en behoeftes.** |
| Bolsjewiek | ‘n Lid van die meerderheidsfaksie van die Russiese Sosiaal-Demokratiese Party wat die bewind in Rusland oorgeneem het in 1917. |
| **Kollektivisering** | **Waar indiwiduele landbouers se plase van hulle ontneem was en met ander plase saamgevoeg was om groter kollektiewe plase te vorm.** |
| Leninisme | Marxisme en/of ‘n vorm van kommunisme soos deur Vladimir Lenin toegepas was. Hierdie soort kommunisme beklemtoon die dikatatorskap van die proletariaat. |
| **Marxisme** | **Die politieke en ekonomiese teorië van Karl Marx en Friedrich Engels wat deur hulle volgelinge ontwikkel was as die grondslag van kommunisme.** |
| Oktoberrewolusie | ‘n Rewolusie waar werkers en kleinboere, onder leiding van Vladimir Lenin, die Voorlopige Regering in Rusland omver gewerp het. |
| **Kleinboer** | **‘n Arm werker met beperkte toegang tot grondbesit en met ‘n lae sosiale status.** |
| Rewolusie | Die omverwerping van die bestaande oorheersende stelsel deur die werkersklas en dit vervang met ‘n nuwe stelsel. |
| **Sosialisme** | **‘n Politieke en ekonomiese teorie wat ‘n maatskaplike stelsel verkondig dat die produksiemiddele, die verspreiding en wisselwerking deur die gemeenskap as geheel behartig moes word.** |
| Duma | Die Russiese Parlement wat die inwoners van Rusland verteenwoordig het en hulle sodoende inspraak in die regering van die land gegee het. |
| **Stalinisme** | **Die beleide wat deur Joseph Stalin gevolg was wat hoofsaaklik gebaseer was op totalitarisme en sentralisering.** |
| Oorlogskommunisme | Ekonomiese beleidsrigtings wat deur die Bolsjewiste toegepas was gedurende die Russiese rewolusie soos die onteiening van private besighede en die nasionalisering van nywerhede. |

## SESSIE 1 | KOMMUNISME IN RUSLAND

## OPSOMMIMG

WAT JY MOET WEET

In hierdie onderwerp sal jy ontleed hoe die toestande in Rusland in die 1900s gelei het tot die kommunistiese rewolusie waar burgers die monargie omver gewerp het en ‘n nuwe stelsel, gebaseer op die idees van Karl Marx, daargestel het en dit die Unie van Sosialistiese Sowjet Republieke genoem het.

Jy sal ook kennis maak met sommige van die uitdagings wat die USSR in die gesig gestaar het in die opbou van die USSR na die rampspoedige gebeure van die Russiese burgeroorlog en Oorlogskommunisme; hoe Lenin, die leier van die Bolsjewiste, te werke gegaan het om die skade van die verlede reg te stel by wyse van die Nuwe Ekonomiese Beleid wat ‘n kombinasie was van kapitalisme en kommunisme deur sy eie interpretasie van Marxisme en genoem was Marxisme-Leninisme.

Hierdie onderwerp handel ook oor die bewondsoorname van Joseph Stalin en sy eie unieke interpretasie van Marxisme-Leninism deur middel van die Vyfjaarplanne as ‘n vorm van suiwering van diegene wat as die vyande van die rewolusie beskou was.

### ONDERWERP: WAT IS KOMMUNISME / DIE FEBRUARIE EN OKTOBER REWOLUSIES

Wat is Kommunisme? Kommunisme is ‘n ekonomiese stelsel wat gebaseer is op die idee van gesamentlike besit waar die staat al die produksiemiddele besit. Talle arm Russe was moeg daarvan dat hulle uitgebuit word deur die monargie en in opstand gekom gedurende die Februarie- en Oktoberrewolusies. Tydens die FEBRUARIE REWOLUSIE het hulle die tsaar gedwing om te abdikeer en hom met ‘n voorlopige regering vervang, terwyl die voorlopige regering gedurende die OKTOBER REWOLUSIE deur die Bolsjewistiese Party omvergewerp was tydens ‘n bloedlose staatsgreep.

### ONDERWERP: DIE RUSSIESE BURGEROORLOG EN OORLOGS-KOMMUNISME

Die Russiese burgeroorlog het uitgebreek nadat die Bolsjewiste beheer geneem het van die regering na ‘n stryd tussen die Rooileer en die Witleer. Hierdie burgeroorlog het die land bykans vernietig en miljoene mense het honger gely omdat die regering die ekonomie gedwing het om Oorlogskommunisme te aanvaar. Talle nywerhede was genasionaliseer en soldate het voorkeur gekry bo die gewone burgerye. Hierdie beleid het die ekonomie feitlik vernietig en ‘n Nuwe Ekonomiese Beleid was nodig.

### ONDERWERP: DIE NUWE EKONOMIESE BELEID

Die Nuwe Ekonomiese Beleid was geïmplementeer as gevolg van die mislukking van Oorlogskommunisme. Dit het beoog om aspekte van kapitalisme soos privaatbesit deel van die kommunistiese beleid te maak. Die NEB was suksesvol deur sekere aspekte van oorlogskommunisme stop te sit. Talle geharde kommuniste het egter die nuwe beleid gehaat omdat dit ‘n nuwe besittersklas, die “NEB-manne”, geskep het wat ryk geword het as gevolg van die NEB.

### ONDERWERP : STALIN SE INTERPRETASIE VAN MARXISME-LENINISME

Na die dood van Lenin het Stalin die bewind in Sowjet-Rusland oorgeneem. Hy het ‘n unieke interpretasie van Marxisme-Leninisme gehad en het geglo dat kommunisme eers in sy eie land afgedwing moes word waarna dit na ander lande uitgebrei moes word. Hy het dit gedoen deur kollektiewe plase te skep en die koelakke uit te skakel omdat hulle teen die beleid gekant was. Hy het gefokus op die uitbreiding van industrieë by wyse van sy Vyfjaarplanne. Stalin was baie suksesvol. Binne 15 jaar kon die USSR homself verdedig teen die Duitse inval tydens die Tweede Wêreldoorlog. Ongelukkig was Stalin ‘n baie wrede leier en het die land gesuiwer van teenstanders van sy beleid.

## HOE OM MET BRONNE TE WERK

- Elke brongebaseerde afdeling word ingelei deur 'n **SLEUTELVRAAG.**
- Hierdie SLEUTELVRAAG gee vir jou 'n aanduiding waaroor die bronne handel en word gewoonlik beantwoord aan die einde met die paragraafvraag.
- Onthou dit wanneer jy die bronne deurlees en die vrae beantwoord!

**SLEUTELVRAAG:**

**TOT WATTER MATE HET DIE RUSSIESE BURGEROORLOG EN OORLOGSKOMMUNISME RUSLAND SE EKONOMIE VERNIETIG TUSSEN 1918 EN 1921?"**

- Al die vrae wat volg word gemik op die beantwoording van die sleutelvraag.

  **Voorbeeld:**

  **"1.4.1. Waarom beskryf die bron die uitwerking van Oorlogskommunisme op Rusland se ekonomie as sleg?"**

- Die vraag wys daarop dat die uitwerking van Oorlogskommunisme "sleg" was en van jou word verwag om redes daarvoor in jou antwoord te verskaf.
- Hierdie redes kan weer gebruik word om die paragraafvraag te beantwoord.

  **Voorbeeld:**

  **"1.6. Deur gebruik te maak van die relevante inligting en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van AGT lyne (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die Burgeroorlog en Oorlogskommunisme die Russiese ekonomie vernietig het tussen 1918 en 1921."**

- In hierdie vraag kan jy noem "Die uitwerking op die ekonomie was nadelig omdat X, Y en Z (1D)."
- Onthou om altyd na die bron te verwys in jou paragraaf omdat dit die eksaminator sal toon dat jy die bronne gelees, ontleed en geïnterpreteer het.
- Moenie bang wees om inligting te onderstreep of te belig wat jy dink die sleutelvraag sal kan beantwoord nie.

**BRON 1A**

**Hierdie bron beskryf die filosofie van Marxisme-Leninisme.**

Kapitalisme is 'n stelsel waar diegene wat rykdom besit, byvoorbeeld finansiers en nyweraars, ook politieke en ekonomiese mag besit. Kommunisme is 'n stelsel waar verskillende klasse afgeskaf is en waar die staat (regering) alle aspekte van lewe beheer het. Die idee dat die werkersklas kapitalisme moes omverwerp en 'n kommunistiese gemeenskap moes vestig was deur die Duitse filosoof en skrywer, Karl Marx, in die 19de eeu geskep. Die eerste suksesvolle kommunistiese rewolusie het in Rusland plaasgevind onder die leierskap van Lenin (in Oktober 1917).

Lenin het daarin geglo dat slegs 'n sterk en magtige sentrale Kommunistiese Party rewolusie teweeg kan bring. Maar (…) die posisie van die Kommunis was nie verseker nie. Talle groepe, beide binne en buite Rusland het die kommunistiese regime van Lenin teengestaan. Die rede was omdat dit die demokraties-verkose parlement vernietig het en 'n eenparty diktatorskap ingestel wat 'n nuwe radikale maatskaplike en ekonomiese stelsel (kommunisme) in die plek van kapitalisme wou instel.

Tussen 1918 en 1921 was daar 'n fel burgeroorlog toe teenstanders van kommunisme geveg het om die nuwe regering omver te werp. Gedurende die burgeroorlog het die regering 'n ekonomiese beleid, genaamd Oorlogskommunisme, ingestel waar die regering beheer geneem het van alle private eiendom en nywerhede. Die regering het fabrieke, myne, besighede, plase, hospitale, skole, winkels, die vervoernywerheid en privaat eiendom (huise) van mense weggeneem. Alles in die land was nou deur die staat/regering besit. Niemand was ook toegelaat om eiendom te erf nie.

*(Adapted from In Search of History, Grade 11, Jean Bottaro, Pippa Visser & Nigel Worden)*

1.1.1. Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die volgende historiese begrippe in jou eie woorde.
  (a) Kapitalisme
  (b) Kommunisme (2x2)(4)

1.1.2. Verduidelik in jou eie woorde wat die Duitse filosoof, Karl Marx, se standpunt oor kapitalisme was. (1x2)(2)

1.1.3. Lys TWEE redes waarom groepe buite en binne Rusland Lenin se kommunistiese regime teengestaan het. (2x1)(2)

1.1.4. Gebruik die inligting uit die bron en verduidelik hoe Oorlogs-kommunisme die eienaarskap van eiendom en besighede verander het. (1x2)(2)

## BEGRIPPE – KAPITALISME IN DIE VSA, 1900 - 1940

| KONSEP | DEFINISIE |
|---|---|
| **Alfabet agentskappe** | **Die alfabet agentskappe was die agentskappe van die VSA se federale regering wat geskep was as deel van die Nuwe Bedeling van President Franklin D. Roosevelt.** |
| Swart Dinsdag | 29 Oktober 1929 toe paniekbevange mense 16 miljoen aandele verkoop het op die New Yorkse Aandelebeurs (vier keer meer as die gewone getal in daardie tyd) en die Dow Jones Industriële gemiddelde gedaal het tot -12%. Swart Dinsdag word ook gesien as die begin van die Groot Depressie. |
| **Kapitalisme (NB)** | **'n Ekonomiese en politieke stelsel in 'n land waarin handel gedryf word en die nywerhede word privaat besit in plaas van die staat en waar eienaars wins najaag.** |
| Demokrate | Die Demokatiese Party is een van twee hoof partye in die VSA. Die ander party is die Republikeinse Party. |
| **Hoovervilles** | **'n "Hooverville" was 'n krotbuurt wat ontstaan het gedurende die Groot Depressie en daklose mense hulle daar gevestig het. Dit was vernoem na Herbert Hoover wat die President van die Verenigde State van Amerika was gedurende die aanvang van die Depressie omdat mense Hoover geblameer het vir die Groot Depressie.** |
| Laissez-faire | 'n Ekonomiese beleid waar transaksies tussen indiwidue vry was van regeringsinmenging soos regulasies, bevoorregting, tariewe en subsidies. |
| **Monopolieë** | **Die uitsluitlike besit of beheer oor die voorsiening of handel in 'n bepaalde kommoditeit of diens.** |
| Verligting, Herstel, Hervorming | Die onmiddelike, tydelike of permanente optrede of hervorming wat algemeen bekend gestaan het as Franklin D Roosevelt se Nuwe Bedeling. Die talle verligting-, herstel- en hervormingsprogramme was in aksie gestel na die aanvaarding van 'n reeks wette wat tussen 1933 en 1938 aanvaar. |
| **Wallstraat** | **'n Straat in New York waar die Aandelebeurs en belangrike handelsbanke geleë was. Na Wallstraat word gewoonlik verwys as die plek waar finansiële sake gedoen word asook die mense wat daar werk.** |

## SESSIE 2 | KAPITALISME IN DIE VSA, 1900 - 1940

## OPSOMMING

**WAT JY MOET WEET**

In hierdie onderwerp sal jy ontleed wat die toestande in Amerika wat in die 1900s gelei het tot 'n ekonomiese depressie na die ineenstorting van die aandelebeurs in 1929 en die hele wêreld geaffekteer het.

Jy sal ook ondersoek doen wat die uitwerking van die depressie op gewone Amerikaners was asook hoe die Republikeinse regering van die tyd daarin misluk het om suksesvol om te gaan met die aangeleentheid as gevolg van die beleid van laissez-faire.

Dié onderwerp handel ook oor die hoe Franklin D. Roosevelt gekies was en hoe sy beleid van 'n "Nuwe Bedeling" elemente van kommunisme en sosialisme gebruik het om die Amerikaanse bevolking te ondersteun. Sommige mense is van mening dat die "Nuwe Bedeling" niks gedoen het om Amerika te help nie en dat dit die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was wat die ekonomie weer aan die gang gekry het; ander argumenteer weer dat die "Nuwe Bedeling" wel die nodige ondersteuning gebied het soos maatreëls oor maatskaplike sekerheid wat steeds in plek is.

Ten spyte daarvan het die Groot Depressie ook 'n uitwerking gehad op lande regoor die wêreld, veral Nazi-Duitsland.

**ONDERWERP: AMERIKAANSE DROOM EN DIE KAPITALISTIESE OPBLOEI**

Wat is Kapitalisme? Dit is 'n ekonomiese stelsel wat gebaseer is op privaat besit en die maak van wins. Gedurende die 1920s, het Amerika 'n ekonomiese opbloei beleef. Dié voorspoed was egter gebou op ongesonde ekonomiese beginsels en sou uiteindelik lei tot die ineenstorting van die Wallstraatse Aandelebeurs.

**ONDERWERP : INEENSTORTING VAN DIE AANDELEBEURS (1929)**

Na dekades van voorspoed kon die Republikeinse regering nie die ineenstorting van die aandelebeurs voorsien nie. In 1929 was talle aandele van maatskappy minder werd as die werklike waarde en die waarde van aandele het vining begin daal. Dit het 'n effek op die bankwese gehad namate mense aandele "op die waardelyn" gekoop het en skielik nie meer instaat was om hulle lenings terug te betaal nie. Talle banke het gevolglik bankrot gespeel en wat nie in aandele belê het nie kon nie meer hul huislenings betaal nie en het gevolglik hul huise verloor. Talle mense was geforseer om Hoovervilles op te rig langs die straat en was afhanklik van sopkombuise vir kos namate wydverspreide werkloosheid voorgekom het en dit vir mense onmoontlik gemaak het om vir hulle families te voorsien. Dié tydperk was genoem 'Die Groot Depressie.'

**ONDERWERP: VERKIESING VAN FRANKLIN D. ROOSEVELT EN DIE NUWE BEDELING / ONTLEDING VAN DIE NUWE BEDELING.**

President Herbert Hoover het misluk om die krisis op te los en Amerikaners het die Demokraat, Franklin D. Roosevelt, tot president verkies oor sy beloftes van 'n nuwe bedeling. Roosevelt het die alfabet-agentskappe daargestel om die uitwerking van die depressie te verlig. Die oogmerk was om verligting te bring vir diegene wat gely het as gevolg van die Groot Depressie maar ook om die ekonomie te herstel. Roosevelt wou ook verseker dat die stelsel hervorm word. Die uitwerking hiervan op Amerikaners is debateerbaar, maar dit het 'n reeks wette daargestel wat besigheid gereguleer het en tot vandag op die wetboek is om 'n volgende Groot Depressie te voorkom.

**ONDERWERP: UITWERKING VAN EN REAKSIE OP DIE KRISIS VAN KAPITALISME.**

Om die ekonomiese krisis aan die tuisfront op te los, het die VSA al sy buitelandse lenings aan Europa opgeskort. Dit het weer 'n nadeling uitwerking op die ekonomieë van Europa gehad wat gelei tot werkloosheid en armoede. Duitsland was veral nadelig geraak. Dit het gelei tot Hitler se bewindsoorname in Duitsland nadat hy beloftes van die herstel van Duitsland aan kiesers gemaak het. Die Sowjet-Unie was nie erg geraak deur die Groot Depressie nie omdat die land gefokus het op die idee van "sosialisme in een land" en nie gesteun het op uitvoere of invoere van ander lande nie. Die Sowjet-Unie was in 'n stabiele toestand as gevolg van hulle ekonomiese toestand.

## HOE OM BRONGEBASEERDE VRAE TE BEANTWOORD

- Jy kry gewoonlik **VIER** bronne in jou addendum wat gemerk is volgens die nommer van die vraag en die nommer van die bron.
- Daar is 'n volgorde aan die bronne:

  **BRON A** – Verskaf die oorsprong, konteks en agtergrond van die sleutelvraag.

  **BRON B** – Verskaf 'n voorbeeld of gevallestudie wat aantoon wat gebeur het.

  **BRON C** – Verskaf die gevolge/uitwerking van die gebeure.

  **BRON D** – Is 'n visuele bron (bv. Spotprent, foto, plakkaat) wat die gebeure uitbeeld.
- Somtyds kan BRON C 'n visuele bron wees en BRON D die gevolge verskaf.

**VISUELE BRONNE MOET ONTLEED WORD DEUR AL DIE DINGE TE LYS WAT JY IN DIE BRON SIEN, WAARNA BESLUIT MOET WORD HOE DIT GEBRUIK KAN WORD OM DIE VRAAG TE BEANTWOORD.**

- Die eerste vraag van elke bron is gewoonlik 'n **VLAK EEN** vraag.
- Dit beteken dat die antwoord in die bron mag voorkom of dat jy dit moes leer soos in die geval van 'n definisie.

**VOORBEELD:**

**"2.4.1. Meld die probleme wat Afro-Amerikaners in die gesig gestaar het toe hulle in die noordelike state aankom."**

- Die antwoord op dié vraag sal in die bron voorkom aangesien dit 'n VLAK EEN vraag is.
- Neem kennis van die **PUNTETOEKENNING**, wat jou sal lei oor hoeveel jy moet skryf:

- (1 x 1) = Een antwoord vir EEN punt. Gewoonlik 'n naam, frase, 'n woord of 'n aanhaling.
- (1 x 2) = EEN antwoord vir TWEE punte. Gewoonlik 'n sin waar jy begrip moet toon.
- (2 x 1) = TWEE antwoorde vir EEN punt elk. Die antwoord sal gewoonlik 'n frase, 'n woord of aanhaling wees.
- (2 x 2) = TWEE antwoorde vir TWEE punte. Jy moet 'n volledige verduideliking van gebeure verskaf of TWEE redes in jou antwoord.

**BRON 2 D**

Hierdie bron beeld uit 'n Afro-Amerikaanse gesin wat noordwaarts trek (noordelike geïndustrialiseerde state van die VSA) met al hul besittings.

In die Suidelike State, wat oorwegend landelike gebiede was, moes hulle segregasie en diskriminasie verduur. Toe hulle die noordelike state bereik moes talle Afro-Amerikaners laagbesoldigde werke doen as gevolg van 'n gebrek aan opvoeding. Die kompetisie (tussen wittes en swartes) het rassespanning in die noorde verhoog.




- Wat sien jy in die foto?
- Wat openbaar dit van die omstandighede vir Afro-Amerikaners gedurende die Groot Depressie?

# TERMINOLOGIE – IDEES OOR RAS IN DIE 20ste EEU

| BEGRIP | VERDUIDELIKING |
|---|---|
| **Führer** | **Dit was die politieke titel wat leier beteken in Duitsland en word geassosieer met die Nazi diktator Adolf Hitler.** |
| Gestapo | Dit was die amptelike geheime staatspolisie in Nazi-Duitsland. |
| **Positiewe eugenetika** | **Dit verwys na pogings wat daarop gemik was op die uitbreiding van verwagte optredes.** |
| Negatiewe eugenetika | Dit verwys na pogings om uit te skakel by wyse van sterilisasie, segregasie of ander metodes wat beskou was as fisies, moreel en geestelik 'onaanvaarbaar'. |
| **Nuremburgwette** | **Dit was anti-Semitiese en rassistiese wette wat in Duitsland toegepas was deur die Nazi Party.** |
| Kristallnag | 'n Gebeurtenis waar geweld, wat deur die staat gesanksioneer was, teen Joodse winkels, besighede en huise toegepas was in November 1938. |
| **Holocaust** | **Dit was die uitwissing of stelselmatige doodmaak van Europese Jode gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Ander 'ongewenstes' soos swartmense, homoseksuele, Jehova Getuienis, ensovoorts was ook doodgemaak.** |
| Pseudo-wetenskap | Valse en verkeerde aansprake of foutiewelik aanvaarding as sou dit gebaseer was op wetenskaplike metodes. Bv. "vals wetenskap". |
| **Aboriginie** | **Inheemse inwoners wat in Australië woonagtig is.** |
| Eugenetika | 'n Stel praktyke en oortuigings wat dit ten doel het om die genetiese kwaliteit van die menslike bevolking te verbeter deur die uitsluiting van mense wat as histories minderwaardig beskou word of deur verbetering van diegene wat as meerderwaardig beskou word. |
| **Massamoord** | **Die doelbewuste uitwissing van mense van 'n bepaalde nasie of etniese groep op 'n groot skaal met die oog op die die vernietiging van die nasie of groep.** |
| Sosiale Darwinisme | Sosiale Darwiniste glo in die "oorlewing van die sterke" — die idee dat sekere mense magtig word omdat hulle inherent beter is. |

## OPSOMMING

WAT JY MOET DOEN

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek doen hoe die idees van ras of ras-gebaseerde Sosiale Darwinism begin het en gewild begin word het in die 20ste eeu en gebruik was om mense leed aan te doen wat as ‘minderwaardig’ beskou was.

Jy sal die keuse hê om een van twee gevallestudies te bestudeer: Nazi-Duitsland of Australië.

Hierdie onderwerp handel ook oor hoe pseudo-wetenskalike rasseteorieë toegepas was om mense effektief uit te skakel wat nie inpas in die verwysings-raamwerk wat lande van hulle verwag nie, sowel as die uitwerking wat dit gehad het op die slagoffers. Dit sal ook ondersoek doen oor hoe mense se lewens ingeperk en gewysig was en in sommige gevalle beeïndig was.

**ONDERWERP: TEORIEÈ EN PRAKTYK**

Gedurende die vroeë 20ste eeu het verskillende pseudo-wetenskaplike (vals) rasseteorië begin aandag trek. Sommige mense het geglo in konsepte soos Sosiale-Darwinisme wat verkondig het dat sommige mense van nature meerderwaardig is as andere – en Eugenetika wat verklaar dat diegene met ‘n ‘goeie geboorte’ toegelaat moet word om voort te plant, terwyl die ‘ongewenstes’ moes sterf. Dit was gevolglik gebruik om grootskaalse misdade te pleeg teen diegene wat as ‘ongewens’ beskou was.

**ONDERWERP: GEVALLESTUDIE: AUSTRALIÈ EN DIE INHEEMSE AUSTRALIANERS**

Die Australiese regering het met die ‘wit Australië beleid’ na vore gekom. Hulle wou immigrasie na die land heeltemal beperk en wou beheer uitoefen wie in bepaalde gebiede mag woon. Gevolglik het hulle met die idee ‘om swartheid met voortplanting’ tot ‘n einde te bring deur inboorlingkinders van hulle ouers weg te neem en hulle aan huis van witmense te plaas in die hoop dat hulle hul herkoms sou verloor en ‘wit’ sal word na ‘n paar geslagte. Hierna was verwys as ‘die Gesteelde Geslag’. Verder het die regering geleidelik inheemse Australiërs se regte van hulle weggeneem deur vir hulle voor te skryf waar hulle mag woon, met wie hulle in die huwelik kon tree, ensovoorts.

**OF**

**ONDERWERP: GEVALLESTUDIE: NAZI-DUITSLAND EN DIE HOLOCAUST**

Ondertussen het Adolf Hitler in Duitsland die Jode as ‘n verskoning gebruik vir al die probleme wat die land in die gesig gestaar het. Hy het die idee van ‘n ‘Ariese Ras’ verkondig wat feitlik almal uitgesluit het wat nie blonde hare en blou oë gehad het nie en nie liggaamlik gesond was nie. Die Nazi-regering het belonings aan Duitse vroue aangebied wat baie kinders in die lewe gebring het, terwyl die regte van ‘onaanvaarbares’ by wyse van die Nuremburgwette ingeperk was. Dit het uiteindelik gelei tot die ‘n situasie waar ‘n ‘Finale Oplossing’ vir die ‘Joodse Vraag’ voorgestel was. Die Nazi-regering het geglo in die uitskakeling van ‘onaanvaarbares’ deur hulle na konsentrasiekampe en arbeidskampe te stuur en miljoene mense was gedood tydens die ‘Holocaust’.

## HOE OM BRONGEBASEERDE VRAE TE BEANTWOORD.

Daar is verskillende <u>TIPES VRAE</u> in 'n geskiedenisvraestel se brongebaseerde afdeling. Hier is 'n paar voorbeelde:

- **Verskaf bewyse** bewyse is feite om 'n stelling as waar te bewys. Jy moet die inligting in die bron interpreteer en verduidelik.
- **Verduidelik waarom** verskaf 'n volledige REDE wat op feite gebaseer is. Jy moet die inligting in die bron interpreteer en verduidelik. Jy mag **NIE** net uit die bron aanhaal nie.
- **Lewer kommentaar op** (dieselfde as verduidelik) verskaf 'n volledige ANTWOORD wat op feite gebaseer is. Dit is belangrik dat jy jou eie ontleding gee van die inligting.
- **Volgens die bron** gebruik die inligting in die bron om die vraag te beantwoord. Haal direk uit die bron aan, maar gebruik dan jou eie woorde en wys daardeur jou insig waar dit nodig mag wees.
- **Waarom, volgens die bron** gebruik die inligting in die bron om die vraag te beantwoord. Haal direk uit die bron aan. Die vraag vra WAAROM – jy moet dus 'n rede verskaf uit die bron.
- **Haal aan** jy moet woorde uit die bron aanhaal om jou vraag te beantwoord. As jy uit die bron aanhaal moet jy aanhalingstekens ("….") gebruik!
- **Identifiseer/ Lys / Noem** skryf kort antwoorde sonder verduidelikings. Antwoorde kan direk uit die bron aangehaal word.

**DIE BLOTE OORSKRYF VAN INLIGTING UIT DIE BRON AS ANTWOORDE SAL JOU BENADEEL BY INTERPRETASIEVRAE SOOS 'VERDUIDELIK' OF 'LEWER KOMMENTAAR OP'.**

### <u>VRAE WAAR JY MOET VERGELYK:</u>

- Kan vra vir <u>ooreenkomste</u> of <u>verskille</u>.
- Lees Bronne 1B en 1D en kyk uit vir ooreenkomste.
- Versamel inligting uit beide bronne wat ooreenkom.
- Jy sal byvoorbeeld noem "Bron 1B noem…" en "Bron 1D bevestig dit deur te noem …". ✔ ✔
- Alternatiewelik kan jy skryf "Beide bronne noem dat …" ✔ ✔
- Onthou: vind 'n **skakel** in beide bronne om te vergelyk. Dit beteken dit sal op een of ander manier DIESELFDE wees. Kyk uit vir dieselfde woorde of frases in beide bronne.
- As die puntetoekenning (2x2) (4) is, moet jy die bronne TWEE keer vergelyk.

# SESSIE 3 | IDEES OOR RAS IN DIE 20ste EEU

## WERKBLAD

ONDERWERP: NAZI-DUITSLAND

Verwys na die bronne op die volgende bladsy en beantwoord die vrae.

Tyd allokasie: 20 minute

### Vraag 01

Lys TWEE rassistiese name wat die Duitsers aan die nageslag van wit Duitse vroue en swart mans gegee het.

### Antwoord 01

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

### Vraag 02

Waarom sal jy saamstem of verskil met die naamgewing wat gebruik was vir die nageslag van swart mans en wit Duitse vroue?

### Antwoord 02

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

### Vraag 03

Waarom sal jy die Nazi-plakkaat as rassisties beskou?

### Antwoord 03

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

### Vraag 04

Vergelyk Bron 3B en Bron 3C. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun rakende die rassistiese houdings wat teenoor swartmense getoon was.

### Antwoord 04

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

---------------------------------

**WERKBLAD – ADDENDUM – NAZI-DUITSLAND**

## BRON 3B


**Hierdie uittreksel beeld uit die Nazi-Party se sienswyses oor die verhoudings tussen swart mans en wit Duitse vroue.**

"Die Nazis, op daardie stadium nog 'n klein politieke beweging, het hulle (swartes) as 'n bedreiging beskou in hul poging om 'n suiwer Germanaanse ras te skep," volgens die Verenigde State Holocaust Herdenkings-museum." Meer swartmense het algaande uit voormalige Duitse kolonies soos Suidwes-Afrika (Namibië) na Duitsland geëmigreer na die Eerste Wêreldoorlog. Hulle het na Duitsland gegaan as koloniale offisiere, studente, kunstenaars en voormalige soldate. Gou het swart mans en Duitse vroue mekaar begin bewonder, terwyl ander op mekaar verlief geraak het en andere ook getrou het... "Die Duitse regering het amptelik niks gedoen aan die kinders wat uit dié verhoudings gebore was nie. Eerstens het die algemene omgaan tussen Duitse vroue en swart soldate nie die nasionale konsep van Duitse vrouwees gepas nie." Die kinders van swart mans (veral swart soldate wat die Rynland beset het) en Duitse vroue was "Rhineland Bastards" of die "Black Disgrace" of "Rhineland Mischlingers" (vermenging van hulle bloed met "vreemde" rasse) genoem.

*Uit: Chika Oduah: The Afro-German Experience under Hitler.*

## BRON 3C

**Hierdie bron beeld uit die rassistiese houding wat die Nazi's gehad het teenoor swartmense en jazz (oerwoud) musiek.**




*Images.Huffington Post.comJazzmusicnazigermany.jpg*

**INSTRUKSIES**

Verwys na **BRON 3B** en **BRON 3C** en beantwoord die vrae wat volg.

3.2 Bestudeer **BRON 3B.**

3.2.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die betekenis 'Gesteelde Geslag'. . (1 x 2) (2)

3.2.2 Identifiseer DRIE instellings wat gebruik was om Aboriginie-kinders by die witgemeenskap in te skakel. (3 x 1) (3)

3.2.3 Verduidelk hoe die Australiese regering probeer het om Australiese Aboriginie-kinders met die wit kultuur te assimileer.

(2 x 2) (4)

3.2.4 Lewer kommentaar op waarom dit so moeilik was om ontvoerde Australiese Aboriginie-kinders met hulle families te herenig.

(2 x 2) (4)

3.2.5 Verduidelik tot watter mate jy sal saamstem met die stelling "die Gesteelde Geslag is die blywende bewyse van die grootskaalse uitwissing aan die hand van die setlaarstaat". (1 x 2) (2)

**EN**

3.3 Gebruik **BRON 3C.**

3.3.1 Watter boodskap word deur die spotprent oorgedra betreffende die "Gesteelde Geslag" van Australië? (2 x 2) (4)

3.3.2 Verduidelik die houding van die wit paartjie teenoor die Aboriginie Australiese kind soos dit in die spotprent uitgebeeld word.

(1 x 2) (2)

3.3.3. Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir die historikus wat navorsing doen oor die "Gesteelde Geslag" van Australië. (2 x 2) (4)

3.4. Verwys na Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die spotprent in Bron 3C die inligting in Bron 3B ondersteun met betrekking tot die "Gesteelde Geslag" van Australië. (2 x 2) (4)

## WERKBLAD – ADDENDUM - AUSTRALIë

**BRON 3B**

**Hierdie uittreksel beskryf die geforseerde verwydering van "gemengde" Australiese Aboriginie-kinders van hulle families wat as die "Gesteelde Geslag" sou bekend staan.**

Van die begin van die 20ste eeu tot die 1970s het die polisie en welsynsorganisasies inheemse gemeenskappe regoor die land besoek in opdrag van die regering-aangestelde Hoofbeskermers om kinders van "half" en "kwart" gemengde afkoms van hulle ouers te verwyder. Assimilasie was die amptelike beleid van Australië en die bedoeling was om alle spore van die kontinent se eerste nasies uit te wis.

Tussen 1910 en 1970 was ongeveer 100 000 inboorlinge na sendingorganisasie gestuur of in weeshuise en kinderhuise geplaas. Die meeste was jonger as vyfjaar. Tussen 10% en 30% van alle inboorlingkinders was van hulle gesinne geskei. Hulle was verbied om in hulle moedertaal te praat of hulle seremonies te beoefen. Aan hulle was genoem dat hulle weeskinders was en dat hulle families hulle nie kon opspoor nie. Sodoende het hulle vir ewig verwyderd geraak van hulle mense en kulture.

Michael Anderson, wie se ouma in 1914 weggeneem was, verduidelik: "In 1937 het staat en federale regeringsamptenare 'n konferensie belê om te besluit oor 'n beleid wat om te doen met 'die Aborigines' — die oogmerk van die beleid was aanvaar was om hierdie mense heeltemal uit te wis. Om dit te bereik moes inboorlingkinders van hulle ouers verwyder word en sodoende ook van hulle gewoontes, tradisies en wette.

Die hoofdoelstelling was om die kinders van hulle inheemsheid te ontneem en om hulle kleur uit te wis omdat Australië gewerk het in die rigting van 'n Ariese ('suiwer wit') ras. Die meeste van die kinders het in kerk- en staatsinstellings grootgeword waar talle van hulle fisies en seksueel misbruik was. Met min of geen opvoeding was hulle toe opgelei vir 'n rol as laagbetaalde arbeiders, hoofsaaklik vir pastorale dienste en mynmaatskappye. Die 'Gesteelde Geslag' is 'n blywende bewys van die grootskaalse uitwissing aan die hand van die setlaarstaat wie oorsprong terug strek tot 1788.

*Uit: https://www.socialism.com Accessed on 10 May 2017*

**BRON 3C**

**Die spotprent hieronder beeld uit hoe die Aboriginal Australiese kinders uit hul huise ontvoer is.**




[From: https//en203kn.wordpress.com Accessed on 8 May 2017]

- Wat impliseer die woorde: 'Jy gaan by die witgemeenskap ingeskakel word'?
- Lewer kommentaar op die uitdrukking 'Malcolm' soos hy weggeneem word deur die Aboriginie Welsynsraad.
- Wat dink jy is die boodskap van die spotprent?

## KONSEPTE – NASIONALISMES

| Konsep | Verduideliking |
|---|---|
| **Nasionalisme** | **'n Gevoel van behoort aan 'n nasie wat op sy beurt weer lei tot lojaliteit en in sommige gevalle patriotisme.** |
| Naturelle Landwet | Swartmense was ten spyte daarvan dat hulle die grootste bevolkingsgroep is ingeperk tot eienaarskap van slegs 7% van Suid-Afrika se grond. Dit was later vermeerder tot 13.5%. |
| **African People's Organisation** | **Die African Political Organization, later bekend as die African People's Organization (APO), was 'n bruin politieke organisasie in die vroeë 20ste eeu in Suid-Afrika.** |
| Natal Indian Congress | 'n Organisasie wat dit ten doel gestel het om diskriminasie teen Indiërs in Suid-Afrika te beveg. |
| **South African Natives National Congress** | **'n Organisasie wat ontstaan het uit die beleid van rasse-uitsluiting en diskriminasie in die Unie van Suid-Afrika. In 1923 was die naam verander na ANC.** |
| Industrial and Commercial Workers Union | Die Industrial and Commercial Workers Union was 'n werkersunie en populêre massa-organisasie in Suid-Afrika. |
| **Vryheidsmanifes** | **'n Dokument wat deur die Kongres Alliansie opgestel was en bepaal het dat "die land behoort aan al die mense wat daarin woon, swart en wit".** |
| Pan Africanist Congress | Wegbreekgroep uit die ANC en 'n gekant was teen die nie-rassigheid van die ANC. Dit bevorder Afrikanisme. |

| Konsep | Verduideliking |
|---|---|
| **Volkskapitalisme** | Dit is 'n nasionalistiese begrip vir Afrikaner kapitaal, bv. 'n Afrikaner koop van 'n Afrikaner sakeman en belê net in 'n bank wat deur Afrikaners besit word. |
| Broederbond | Dit was 'n Suid-Afrikaanse geheime organisasie wat eksklusief vir Afrikaanssprekende Protestantse mans was wat ouer was as 25 jaar en Afrikaner nasionalisme bevorder het. |
| **Reddingsdaadbond** | **Die Reddingsdaadbond was 'n organisasie wat deur Afrikaner sakemanne gestig was en Afrikaners sterk aangemoedig het om slegs by winkels van Afrikaners te koop, by Afrikanerbanke te belê en slegs Afrikaner versekeringsmaatskappye te ondersteun.** |
| Bantoe Onderwys | Dit was segregasie wetgewing in Suid-Afrika waarvolgens aparte opvoedkundige fasaliteite vir die verskillende rasse daargestel moes en in die proses swart kinders benadeel het. |
| **Die Sioniste** | **Mense wat geglo het in die ontwikkeling en beskerming van die Joodse nasie in die huidige Israel.** |
| Haganah | Dit was 'n Sionistiese militêre organisasie wat die meeste Jode in Palestina verteenwoordig het tussen 1920 tot 1948. |
| **An-Nakba** | **Dit was 'n oorlog wat ook bekend gestaan het as die Palestynse katastrofe waar die Palestyne hulle tuisland verloor het in 1948 en meer as 700 000 Arabiere gedood was of uit hulle tuisland verjaag was.** |
| Hamas | Hamas is 'n Palestynse Sunni-Islamitiese en fundamentalistiese , militante en nasionalistiese organisasie. |

## SESSIE 4 | NASIONALISMES

## OPSOMMING

WAT JY MOET WEET

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek hoe nasionalistiese ideale die verskillende nasies positief en negatief beïnvloed het.

Jy sal leer van eksklusiewe en inklusiewe nasionalisme en sien hoe nasionalisme 'n mag vir vereniging of verdeling van mense was.

Jy sal die opsie het om een gevallestudie te kies as 'n opstelvraag en 'n ander een as 'n brongebaseerde afdeling. Maak dus seker by jou opvoeder watter aspekte van die onderwerp gedek sal word.

**ONDERWERP: WAT IS NASIONALISME**

Nasionalisme is 'n idee om trots te wees op jou nasie. Baie mense skep vir hulle nasionale identiteite gebaseer op dinge soos 'n gedeelte kultuur, taal, geskiedenis of godsdiens. Nasionalisme kan positief en 'n verenigende mag wees; dit kan egter ook verdeling, negatiwiteit en die skepping van 'n "ons" en "julle" veroorsaak as mense meer dink van hul eie nasie as van die ander nasie.

**ONDERWERP: GEVALLE STUDIE – OPKOMS VAN AFRIKANER NASIONALISME**

Afrikaner Nasionalisme het ontstaan na die Suid-Afrikaanse Oorlog. Talle Afrikaners het verneder gevoel deur die Britte en het nader aan mekaar begin beweeg. Hulle het daarna gestreef om hulle taal te laat wettig en het daaraan begin werk om die maatskaplike oplewing van die Afrikaner deur organsisasies soos die Broederbond en die FAK te bewerkstellig. Die het uitgeloop op die verkryging van mag deur die Afrikaners tydens die 1948-verkiesing en die implementering van 'n beleid wat dit ten doel gestel het om Suid-Afrika op 'n rassegrondslag te verdeel. Dit kan gesien word as die skepping van 'n negatiewe of eksklusiewe nasionalisme.

**EN/OF**

**ONDERWERP: GEVALLESTUDIE – OPKOMS VAN SWART NASIONALISME**

Swart Nasionalisme in Suid-Afrika het ontstaan as 'n direkte reaksie op die onderdrukking van mense van kleur na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Die APO, SANNC, SAIC, ICU het almal daarna gestreef om alle Suid-Afrikaners te verenig onder een vaandel en die skepping van 'n reënboognasie waar die land aan almal behoort wat daarin woon. Dit kan gesien word as positiewe en inklusiewe nasionalisme.

**EN/OF**

**ONDERWERP: GEVALLESTUDIE – DIE MIDDE-OOSTE**

Na die holocaust in Europa het baie Jode begin voel dat hulle 'n tuisland nodig gehad het waar hulle vry sal wees van vervolging – hulle het bekend gestaan as die 'Sioniste'. Palestina was na die val van die Ottomaanse Ryk deur Brittanje regeer. Die Britte het die Jode toestemming verleen om hulle in Palestina te vestig sonder die goedkeuring van plaaslike Palestyne. Dit het gelei tot nasionalistiese gevoelens by die twee groepe en het geëindig in talle oorloë waarna die Palestyne wat uit die gebied begin vlug het en vlugtelinge geword het tydens die gebeurtenis bekend as *An Nakba* (Die Katestrofe).

**EN/OF**

**ONDERWERP: GEVALLESTUDIE – GHANA**

Kwame Nkrumah was 'n Ghanese aktivis wat hom beywer het vir die onafhanklikheid van Ghana gedurende die 1940s tot die 1957s met die klem op Pan-Afrikanisme. Hy het 'n Afrika kultuur nagejaag waar daar geen stamgebondenheid was nie en dat daar demokrasie binne 'n bepaalde sosialistiese stelsel moes wees maar dat tradisionele aangeleenthede met die moderne denkwyses verenig moes word. Dit kon bereik word op 'n nie-geweldadige wyse. Hy het 'n groep, genaamd Die Sirkel, gestig om Wes-Afrika tot onafhanklikheid en eenheid te lei. Nkrumah was 'n gewilde politieke figuur en was 'n sterk mag in Ghana met die verkryging van die land onafhanklikheid.

## HOE OM BRONGEBASEERDE VRAE TE BEANTWOORD

Talle leerders vind die paragraafvraag moeilik maar hulle het dit al die tyd beantwoord soos hulle deur die vraestel gewerk het!

**Hoe om 'n paragraaf te skryf:**

- Die paragraaf is verbind aan die SLEUTELVRAAG.
- Lees die bronne (addendum) sodat jy dit verstaan en kyk watter inligting jy kan gebruik om die vraag te beantwoord.
- Hou die sleutelvraag altyd in gedagte soos jy lees en ontleed elke bron terwyl jy die brongebaseerde afdeling beantwoord.
- Verlig of onderstreep inligting in een kleur en skryf dit in die kantlyn van die bron sodat dit weer gebruik kan word om die paragraafvraag te beantwoord.
- Wanneer jy die paragraaf saamstel moet jy die bewyse evalueer wanneer jy die paragraaf skryf. Onthou om die bewyse te evalueer en kies gepaste inligting.
- Verwys na die bronne waaruit jy jou inligting verkry het, bv. Volgens Bron 1C …
- 'Eie kennis' moet gebruik word om uit te brei op die inligting wat in die bronne gegee word.
- Onthou: Fokus altyd op die **SLEUTELVRAAG** nie die ONDERWERP nie.
- Leerders kry gewoonlik slegs 2 uit 6 (maksimum) as hulle die paragraafvraag puntesgewys beantwoord.
- Onthou om slegs een paragraaf te skryf en nie twee nie omdat die nasiener slegs een paragraaf sal merk.
- Onthou om die P.E.E.L-metode te gebruik wanneer jy die paragraafvraag beantwoord!

| | |
|---|---|
| **POINT** (PUNT) | Een sin wat verduidelik wat die hoof idee van die paragraaf is. |
| **EXPLAIN** (VERDUIDELIKING) | 'n Verduideliking van die hoof idee. |
| **EXAMPLE** (VOORBEELD) | Verskaf sommige bewyse om jou hoof idee te bewys. Onthou om aan te toon uit watter bronne jy die inligting gekry het! |
| **LINK** (SKAKEL) | Verbind die paragraaf terug na die vraag. |

# ADDENDUM – AFRIKA NASIONALISME

**BRON 1A**

Hierdie bron fokus op die invloed van die ANC Jeugliga (ANCYL) en handel oor die transformasie van die ANC in 'n rewolusionêre massa beweging.

Die African National Congress Youth League (ANCYL) was gestig op 2 April 1944 deur Anton Lembede, Nelson Mandela, Ashley Mda, Walter Sisulu en Oliver Tambo. Lembede was ook die eerste President van die Liga. Dum Nokwe, B Masekela, Ida Mtwa, Lilian Ngoyi, James Njongweni, William Nkomo en Dan Tloome het later aangesluit. Die oogmerk van die Jeugliga was om die jeug te motiveer om die stryd teen segregasie binnelands te verskerp. Toe die Jeugliga gestig was, was politieke omstandighede in Suid-Afrika swak omdat die Verenigde Party verdeeld was oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Vier jaar na die stigting van die Jeugliga het die Verenigde Party se regeringstyd tot 'n einde gekom toe die Nasionale Party aan bewind gekom het.

Die Jeugliga se manifes was in Maart 1944 by die Bantu Black African Men's Social Centre in Johannesburg bekend gestel voor sy eerste vergadering gehou was. Dit het verklaar dat Afrikanisme bevorder moet word (d.i. dat Afrikane die stryd moet opneem vir ontwikkeling, vordering en nasionale bevryding om hulle regmatige plek onder ander nasies te kan inneem. Die Afrikajeug moet ook verenig, konsolideer, opgelei word en gedissiplineerd wees omdat uit hulle geledere die toekomstige leiers sou kom. Hulle slagspreuk was: "Afrika se doel moet oorwin". Om sy stryd vir bevryding te versterk, het die Jeugliga 'n Program van Aksie bekend gestel wat verskillende metodes soos boikotte, stakings en ander weerstandstaktiek ingesluit het. In 1949 het die ANC die program aanvaar wat 'n totale afwyking was van hulle oneffektiewe strategieë van die verlede.

Uit: https://www sahistory.org.za/topic/African-national-congress-youyh-league-ancyl]

**BRON 1B**

Hierdie bron fokus op die invloed van die ANC Jeugliga (ANCYL) wat handel oor die transformasie van die ANC in 'n rewolusionêre massa beweging.


Tenspyte daarvan dat amptenare van die African Mineworkers Union gearresteer was in 1944 by hul vergadering in Witwatersrand en Spring was 'n konferensie in Mei 1946 gehou waar besluit was om die regering te nader met die eis van 'n R1 per dag salarisverhoging, asook ander verbeterings. In Augustus 1946 was 'n opelug konferensie by die Newton Markteater gehou omdat geen saal waar swartmense kon vergader groot genoeg was om almal te huisves nie. By die vergadering was besluit om met 'n staking te begin.

Op 12 Augustus 1946 het meer as 60 000 werkers in die Witwatersrand geweier om met hulle werk voort te gaan teen die huidige salaris. Binne 'n week was die polisie ontplooi. Brutale geweld was gebruik om die staking te beeïndig. Tydens die gebeure was 9 werkers gedood en 1 248 werkers beseer. Talle het die staking as 'n mislukking beskou. Alhoewel die aanvanklike eise verwerp was en werkers na 'n week tot die werkplek teruggekeer het, was die staking beskou as 'n belangrike gebeurtenis. Dit het tot 'n herskikking gelei wat tot groter bewustheid onder werkers en 'n drang na maatskaplike verandering gelei het. Dié beweging het weereens tot die besef gekom dat apartheid gebruik word kapitalistiese metodes in die werkplek te verstewig. Metodes soos die kampongstelsel wat werkers verhinder het om kontak te hê met die unie se organiseerders was 'n direkte gevolg van die mislukte uniestaking van 1946.

[Uit: https://en.Wikipedia.org/wiki/1946_African_Mine_Workers%27_Union _strike]

**BRON 1C**

Hierdie bron toon die betrokkenheid van die Transvaal Council of Non-European Trade Unions (CONETU) in die 1946 mynwerkersstaking.




Uit: https://www.sahistory.org.za

**BRON 1D**

Hierdie bron handel oor die herlewing van die ANC wat gelei het tot die stigting van die ANC Jeugliga (ANCYL).

Regdeur die 1940s was die herlewing van die ANC aangevuur deur die werkersklas se ontevredenheid. Die ANC se leierskap uitgedaag maar beïndruk met werkers se suksesse wat behaal was deur werkersklas aktivisme, veral deur die werkersunie. Alhoewel die organisasie steeds snobbisties was, het die militantheid van die werkersklas ook die ANC beïndruk. Dit was egter steeds beperk soos gesien kan word in die bewyse van 'n verslag van 'n afvaardiging wat die Minister van Polisie in 1941 besoek het.

Die herontwaking van die ANC het nie sonder interne beperkings plaasgevind nie. Die probleem was voortgesette spanning tussen die hoofstroom leiers wat 'n breë nie-rassige opposisiebeweging op die been wou bring en 'n minderheidsfaksie, bekend as die Afrikaniste, wat daarin geglo het dat swartmense apart moes organiseer. Hierdie spanning het daartoe gelei dat Robert Sobukwe van die ANC weggebreek het en in 1958 die Pan-Africanist Congress gestig het. Dit was reeds in die 1940s duidelik dat Afrikanisme sterk in die ANC Jeugliga na vore getree het met sy stigting in April 1944. Die Jeugliga was steeds 'n inisiatief van Xuma en was gestig omdat die uitvoerende komitee talentvolle en intelligente jongmense in die ANC by sy aktiwiteite wou betrek.

[Uit: *Book 4: Turning Points in History: industrialisation, Rural change and Nationalism deur A. Grundlingh.*

## WERKBLAD – AFRIKA NASIONALISME

**SLEUTELVRAAG**

**VRAAG 1:**

**HOE HET DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS SE JEUGLIGA (ANCYL) DIE OPKOMS VAN AFRKA NASIONALISME IN DIE 1940'S BEÏNVLOED?**

1.6 Deur gebruik te maak van die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die African National Congress Jeugliga (ANCYL) die opkoms van Afrika nasionalisme beïnvloed het. (8)


## HOE OM OPSTELVRAE TE BEANTWOORD

**"Verduidelik tot watter mate Kwame Nkrumah 'n rol gespeel het in Ghana se stryd vir vryheid en dit gelei het tot 'n onafhanklike Ghana."**

**IN GESKIEDENIS WORD OPSTELVRAE OP EEN VAN DRIE MANIERE GEVRA:**
**Krities bespreek…**
**Tot watter mate…**
**Stem jy saam…**

**Hoe om 'n goed gestruktureerde paragraaf te skryf.**

- Maak 'n duidelike stelling met die openingsin.
- Die volgende sin moet die standpunt wat jy ingeneem het verduidelik.
- Verskaf dan die nodige bewyse.
- Aan die einde van die paragraaf moet jy die vraag skakel.



## TERMINOLOGIE – APARTHEID SUID-AFRIKA

| Konsep | Verduideliking |
|---|---|
| **Apartheid** | **'n Beleid van segregasie of diskriminasie op grond van ras.** |
| Segregasie | Die optrede van die staat om aparte geriewe vir bepaalde rassegroepe daar te stel. |
| **uMkhonto we Sizwe (MK) en Poqo** | **Die militêre vleuels van die ANC en PAC.** |
| Kapitalisme | 'n Ekonomiese en politieke stelsel waar die land se handel en nywerhede deur private eienaars besit word om wins te maak eerder as die staat. |
| **Versetveldtog** | **'n Program van burgerlike ongehoorsaamheid waar groot groepe mense byeenkom en doelbewus die wet verbreek.** |
| Vryheidsmanifes | Vrywilligers het landwyd gereis om eise by gewone Suid-Afrikaners te kollekteer in wat hulle gesien het as 'n vry en regverdige gemeenskap. Die dokument wat daaruit saamgestel was het bekend geword as die Vryheidsmanifes. |
| **Hoogverraadverhoor** | **Die Kongres Alliansie was daarvan beskuldig dat hulle die regering wou omverwerp (verraad). Die staat kon nie sy saak bewys nie en elke aangeklaagde was onskuldig bevind.** |
| Vroue-optog | Die 1956-optog het gevolg toe vroue ook passe moes dra. Ongeveer 20 000 vroue het na die Uniegebou gemarsjeer. |
| **Sharpeville Massamoord** | **Die PAC het 'n protes teen die paswette beplan. Die polisie het op optoggangers geskiet en 69 mense gedood en 180 gewond.** |
| Rivonia-verhoor | Senior leiers van MK was gearresteer en aangekla van sabotasie en guerrilla-oorlogvoering. Agt was skuldig bevind en lewenslank tronktoe gestuur. |

# SESSIE 5 | HOE UNIEK WAS APARTHEID IN SUID-AFRIKA?

## OPSOMMING

WAT JY MOET WEET

In hierdie onderwerp sal jy ondersoek doen hoe die konsep segregasie nie uniek was tot Suid-Afrika nie, maar hoe Apartheid dit 'n stap verder geneem het deur diskriminasie te wettig en dit byna alle aspekte van ons lewens geraak het.

Jy sal bestudeer hoe die verskillende apartheidswette rassediskriminasie ingebed was en die lewens van gewone mense van kleur se lewens vernietig het – opbreek van huwelike, opbreek van families, afbreek van huise en die wegneem van die stemreg van die meerderheid in die land, ens.

Jy sal sien hoe mense apartheid teengestaan het, eerstens deur petisies en afvaardigings na die regering; en toe geleidelik meer militant begin word het.

**ONDERWERP: SEGREGASIE AS FONDASIE VIR APARTHEID**

Gedurende die 1920s en 1930s het verskillende lande diskriminerende wette toegepas. Dit was veral in Europese lande soos Brittanje en Europese kolonies soos Suid-Afrika. Hierdie diskriminerende beleide was op ras gebaseer en het gewoonlik blanke belange bevoordeel. Kontak tussen swart en wit was verbied. Hierdie diskriminerende wette was op ras gebaseer en het blankes bevoordeel. Swart- en witmense was verbied om op sosiale gebied kontak te hê. So byvoorbeeld het blankes skole bygewoon was goed toegerus was, terwyl swart leerders met gebrekkige fasiliteite moes klaarkom soos oorbevolkte skole, min bronne en swak onderrig.

**ONDERWERP: APARTHEID AS 'N VORM VAN NEO-KOLONIALISME**

In beginsel het apartheid nie verskil van die beleid van segregasie wat voor 1948 toegepas was nie. Die belangrikste verskil was dat apartheid segregasie deel van die wetgewing gemaak het. Apartheid het op 'n kru manier teen mense gediskrimineer en hulle met geweld geskei, terwyl mense wat daarvan verskil het gestraf was. Nog 'n rede waarom apartheid gesien was as slegter as diskriminasie was dat apartheid ingestel was in 'n tydperk toe ander lande wegbeweeg het van rassistiese beleide.

**ONDERWERP: APARTHEID VERSTERK DIE IDEE VAN RAS**

Talle wette was deur die Parlement aangeneem om die apartheidstaat te skep. Die volgende wette het die pilare van die apartheidstaat gevorm: Wet op Bevolkingsregistrasie, 1950, Wet op Groepsgebiede, 1950, Wet op die Bevordering van Bantoe Selfregering, 1959, Wet op die Voorkoming van Gemengde Huwelike, 1949, Wysigingswet op Ontugwet, 1950 en Wet op Aparte Verteenwoordiging van Kiesers, 1951. Die oogmerk met die wette was om die Suid-Afrikaanse gemeenskap heeltemal van mekaar te segregeer.

**ONDERSOEK : AARD VAN DIE WEERSTAND TEEN APARTHEID**

Die geskiedenis van weerstand strek oor drie dekades. Die eerste dialoog en petisie; die tweede direkte teenkanting en die derde periode was die gewapende stryd vanuit die buiteland. In 1949 het die ANC begin om 'n meer militante pad te volg met die Jeugliga wat 'n belangrike rol gespeel het. Die ANC het hulle Program van Aksie afgeskop met ondersteuning van stakings, protes-aksies en ander vorme van nie-geweldadige weerstand. Die ANC het voortgegaan met daardie beleid totdat sommige lede weggebreek het in 1959 en die PAC gevorm het. Die PAC wou 'n meer geweldadige pad volg en was van oordeel dat sukses nie bereik kon word met die metodes van die ANC nie. Dit het die weg gebaan vir die gewapende stryd na die Sharpeville massamoord toe die ANC en die PAC gewapende vleuels op die been gebring het. Dit het geëidig met die Rivonia Hoogverraadverhoor waar prominente lede van die ANC lewenslange gevangenisstraf opgelê het.

## SESSIE 5 | HOE UNIEK WAS APARTHEID IN SUID-AFRIKA

### WERKBLAD

ONDERWERP: APARTHEID

Verwys na die bron op die volgende bladsy en beantwoord die vrae.
Tyd allokasie: 15 minute

**Vraag 01**

Waarom, volgens die bron, moes Sandra Laing die skool verlaat?

**Antwoord 01**

------------------------------------
------------------------------------
------------------------------------
------------------------------------
--------------------------

**Vraag 02**

Identifiseer die basiese menseregte in die bron waarvan Sandra Laing ontneem was.

**Antwoord 02**

------------------------------------
------------------------------------
------------------------------------
------------------------------------
--------------------------

**Vraag 03**

Lewer kommentaar waarom jy dink Sandra Laing impliseer met haar stelling "...dit is te laat vir my".

**Antwoord 03**

------------------------------------
------------------------------------
------------------------------------
------------------------------------
--------------------------

**BRON 3D**

**Die onderstaande is ‘n uittreksel uit die verhaal oor hoe rasseklassifikasie die jong meisie, Sandra Laing, geaffekteer het. Dit was gepubliseer in die *Sunday Times* in 2000.**

Sandra Laing was gebore in 1955 in Piet Retief, ‘n dorpie in die Oos-Transvaal (nou Mpumalanga). Haar ouers en twee broers was almal beskou as wit. Aangesien haar velkleur donker en haar hare gekrul was, was sy nie aanvaar as wit deur die plaaslike gemeenskap nie. Op skool en in die hostel was sy gekoggel deur wit kinders wat haar aanhoudend gevra het waarom sy hulle skool bywoon. In hierdie Januarie 2000 artikel uit die *Sunday Times* vertel sy wat volgende gebeur het:

“… In 1966, toe ek 10 jaar oud was, het die polisie my weggeneem van die skool. Mnr. van Tonder, die skoolhoof, het gesê ek was nie wit nie en kon nie langer daar aanbly nie … ek het vir twee jaar tuis gebly.” Nadat ek as wit geherklassifiseer was het die pyn van verwerping deur witmense nie gestop nie en het later getrou met Petrus Zwane, ‘n swartman. Sy verduidelik:

“ … Ek het 18 jaar oud geword en het aansoek gedoen vir ‘n identiteitsdokument. Die beamptes het gesê dat as hulle vir my ‘n wit identiteitsdokument moet gee, sal hulle my twee kinders van my moet wegneem omdat hulle nie wit is nie. Ek kon vir ‘n Kleurling ID-dokument aansoek doen, maar om dit te kan doen moes my vader toestemming verleen. Hy het geweier totdat ek 21 jaar oud geword het … In 1976 toe die opstande teen apartheid en die onderwysstelsel uitgebreek het, het ek 21 jaar oud geword en het gedink dinge sou verander. Ek het toe vir ‘n identiteitsdokument aansoek gedoen maar dit het ses jaar geneem voordat ek my identeitsdokument as ‘n Kleurling gekry het. Tot op daardie stadium kon ek nie bewys wie ek was nie en kon ook nie ‘n werk kry of selfs ‘n bankrekening open nie of enigiets doen wat ‘n persoon moes doen nie. Tydens daardie jare het ek na my familie verlang, net om van hulle te hoor. Ek het talle briewe geskryf maar dit het onbeantwoord gebly … niemand in my familie het probeer om my te kontank nie.”

“… Apartheid het tot ‘n einde gekom en ek wou graag Mnr Mandela se hand vat daarvoor, maar dit was te laat vir my.”

[Uit: *Top Class History* Grade 11 deur P. Ellis et al]

Gebruik hierdie riglyne om vir die eksamen voor te berei!

## VOOR DIE EKSAMEN

- Geskiedenis is ‘n inhoudsvak en jy moet ten minste ‘n week voor die eksamen begin voorberei. Soos jy studeer neem kennis van die volgende: terminologie, sleutelkonsepte, waarom dinge gebeur het, hoe dinge gebeur het, wat was die gevolge van die gebeure en wie was betrokke, ensovoorts.

- Dit sal help om een onderwerp deeglik te studeer (beide die brongebaseerde en opstel afdelings) en fokus dan op ‘n spesifieke aspek van ‘n ander onderwerp om te verseker dat jy ten minste 3 vrae voorberei het.

- Stel vir jouself ‘n uitleg op wat die hoofpunte van die opstel is en voorsien dit van die nodige verduidelikings en bewyse. Dit hoef nie in baie detail te wees nie, dit sal jou help om te onthou wat in die opstel ingesluit moet word.

## GEDURENDE DIE EKSAMEN

- Lees jou bronne deeglik deur. Jy sal 2 uur of 3 uur het om die vraestel te voltooi afhangende daarvan of jy ‘n aangepas kurrikulum gaan skryf. Gebruik jou tyd effektief!

- Lees jou vrae eers NADAT jy die bronne gelees het omdat dit meer sin sal maak.

- Maak seker jy belig of onderstreep sleutelbegrippe in beide die bronne sowel as die opstelvraag. Fokus op datums, name, die inhoudfokus, die vraagfokus, ensovoorts.

- As jy jou eksamen voor die tyd voltooi, lees weer deur die antwoorde en maak seker dat jy die korrekte antwoord verskaf het aan die hand van die puntetoekenning. Baie leerders verloor onnodig punte omdat hulle slegs een antwoord skryf vir ‘n (2 x 2)-vraag.

## NA DIE EKSAMEN

- Haal diep asem en ontspan!